*Bevoegdheid van plaaslike owerheid om opdragte te gee vir die vergaar, verwyder, ens., van vuilgoed.*

7. Die plaaslike owerheid of sy behoorlik gemagtigde beampte kan die eienaar of okkupeerder of agent van sodanige eienaar of okkupeerder van 'n winkel, pakhuis, woning of ander perseel gelas om voorsiening te maak vir die vergaar of wegdoen van afval en vuilgoed of ander materiaal wat knaagdiere kan lok op sodanige wyse dat daar geen skuilplek aan knaagdiere gebied word nie en knaagdierbesmetting verhoed word.

*Opberging van graan, voer, produkte, ens., buitekant of in muurlose skure.*

8. Iemand wat graan, voer, produkte of ander artikels wat knaagdiere moontlik kan aanlok, buitekant of in muurlose skure opberg of wat enige sodanige artikels aldus laat opberg, moet die opbergingsplek vry van knaagdiere hou.

*Sloping van geboue.*

9. Geen eienaar of okkupeerder of agent van sodanige eienaar of okkupeerder van 'n perseel mag 'n gebou sloop of begin sloop of laat sloop of toelaat dat dit gesloop word nie sonder dat al die nodige stappe gedoen word om alle knaagdiere op die perseel uit te roei.

*Strafbepalings.*

10. Enigeen wat 'n oortreding begaan van, of versuim om te voldoen aan enigeen van hierdie regulasies of 'n bevel daarkragtens gegee, is by skuldigbevinding onderworpe aan die strafbepalings voorgeskryf by artikel *vyf-en-veertig* van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet No. 36 van 1919).

*Power of Local Authority to Make Orders for the Collection, Removal, etc., of Refuse.*

7. The local authority or its duly authorised officer may make an order requiring the owner or occupier or agent of such owner or occupier of any shop, store, dwelling or other premises to make provision for the collection or disposal of garbage, refuse and rubbish, or other rodent-attractive material in such a manner as to safeguard against rodent infestation or harbourage.

*Storage of Grain, Forage, Produce, etc., in the Open or in Unwalled Sheds.*

8. Any person storing in the open or in unwalled sheds grain, forage, produce or other articles which may attract rodents, or causing any such article to be so stored, shall keep the place of storage free of rodents.

*Demolition of Buildings.*

9. No owner or occupier or agent of such owner or occupier of any premises shall demolish or commence to demolish, or cause or allow to be demolished, any building without taking all necessary steps to destroy all rodents on such premises.

*Penalties.*

10. Any person who contravenes or fails to comply with any of these regulations or order made thereunder shall be liable on conviction to the penalties prescribed under section *forty-five* of the Public Health Act, 1919 (Act No. 36 of 1919).